## BOEKBESPREKING

*Kees, Hermann:* Ancient Egypt, A Cultural Topography. Edited by T. G. H. James. Translated from the German (Das Alte Aegypten) by I. F. D. Morrow, 392 pp., Faber and Faber, Londen, 1961.

Ten aansien van Oud-Egipte is daar altyd die treffende teëstelling dat daar aan die een kant so 'n massa van gegewens is, maar aan die ander kant, dat die leemtes van ons kennis ook so groot is. Dit is natuurlik te wyte aan die afstand tussen die geskiedenis van Ou-Egipte en ons moderne tyd, die uitgestrektheid van die periode van hierdie geskiedenis, asook die besondere geaardheid van die samelewing van daardie land. Bowendien is dit 'n samelewing wat nie in al die eeue homogeen was nie. Inteendeel: aan die een kant is daar die bekende duursaamheid in die Egiptiese beskawing te bespeur en aan die ander kant is daar die anargie wat dikwels inbreuk op die homogene en tradisionele karakter van Egipte gemaak het. Daarbenewens is Egipte in 'n besondere posisie deur sy betreklike geïsoleerde ligging in die Oudheid en die oorspronklikheid van sy beskawing wat daarmee saamhang en aan die Egiptenaar van ouds 'n besonder vorm van eiewaarde verskaf het. Die groot verskeidenheid van aspekte maak dus 'n geskiedkundige benadering van uit verskillende gesigshoeke nie slegs moontlik nie, maar tot 'n sekere mate noodsaaklik.

Die skrywer van die werk onder bespreking benader die onderwerp van Oud-Egipte dus ook vanuit 'n besondere en nogal originele gesigspunt. Hy neem die aardrykskunde as uitgangspunt en bring op hierdie manier baie skerp onder die oë hoe die geskiedenis en beskawing van Oud-Egipte deur die ligging van die land beïnvloed word. Die werk word in drie dele ingedeel. Ten eerste 'n beskrywing van die Nyldal in die algemeen en die vestiging van die eerste bewoners aldaar. Ons het te doen met 'n streek wat eers as 'n jagterwêreld beskou moet word, maar wat later bewoon word deur nomadiese groepe waaruit ten slotte die permanente bewoning uit ontwikkel. Die tweede afdeling hou hom hoofsaaklik met die platteland en die Nyl besig en daar word getoon tot watter mate die water, landbou, die woestyn ens. vir die onderwerp van betekenis was. Die derde deel handel oor stede en distrikte en hulle rol, binne die raamwerk van Egipte. Die werk is voorsien van verskeie kaarte en foto's en ook van 'n besonder uitvoerige en nuttige register.

Die gehalte van die werk is hoogstaande. Die deeglike persoonlike kennis van die skrywer van die land en sy geskiedenis val dadelik op. Dit is ook te verwagte van 'n werk uit die pen van so 'n bekende Egiptoloog. Daar is duidelik 'n poging aangewend om 'n werk vir die deskundige sowel as vir die leek te skryf. Die werk is gebaseer op 'n aantal artikels van die skrywer en in besonder op sy bydraes in die *Real-Encyclopädie* van Pauly-Wissowa. Op dié manier word die werk natuurlik ook in die eerste plek 'n werk vir die deskundige en wanneer die agtergrond van die *Real-Encyclopädie* in ag geneem word, is dit nouliks die moeite werd om weer op die wetenskaplike gehalte van die werk te wys. Ons het hier te doen met 'n werk van betekenis. Daar is 'n massa van besonderhede in verwerk en dit sal seker vir baie as 'n nuttige naslaanwerk kan dien.

P. W

---

*Harting, Pieter, 1812-1885:* Mijne Herinneringen. Autobiografie. Uitgawe versorg deur J. G. van Cittert-Eymers en P. J. Kipp. 230 bl., met afb. N.V. Noord-Hollandsche Uitgeversmaatschappij. Amsterdam, 1961.

P. Harting is op 29.2.1812 in Rotterdam gebore en is in 1843 tot hoogleraar in die fakulteit Wis- en Natuurkunde aan die Ryksuniversiteit van Utrecht benoem. Van

1858-1859 het hy opgetree as rektor van hierdie universiteit om in 1882 sy professoraat neer te lê.

In sy outobiografie verstrek die skr. ons menigvuldige besonderhede in verband met hierdie tydperk en uit sy mededelinge blyk dit dat prof. Harting as hoogleraar verdienstelike werk verrig het, o.m. op die gebied van die eksperimentele mikroskopie.

Sy belangstelling het ook uitgegaan na Transvaal. In 1877 het sy Utrechtse ampsgenoot prof. G. W. Vreede teen die anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek in heftige woorde geprotesteer. Harting het hierdie gevoelens gedeel en, minder heftig as sy kollega, het hy in 1880 en die volgende jare 'n groot rol gespeel in die beweging wat in Nederland ontstaan het om die Boeresaak met hart en siel te steun.

In 1880 het Harting die bekende „Adres aan de Britsche Natie" opgestel, in 1881 het hy bestuurslid van die „Hoofdcomité ter bevordering van de belangen der Transvaalsche Boeren" geword, nog in dieselfde jaar het die N.Z.A.V. sy verskyning gemaak en is Harting as ere-voorsitter van hierdie vereniging benoem. Tot sy heengaan in 1885 het Harting 'n opregte vriend van die Transvalers gebly en in sy outobiografie (bl. 134-149) verstrek hy waardevolle gegewens in verband met sy werksaamhede in dié verband. Hy verstrek besonderhede in verband met die optrede van dr. E. J. P. Jorissen, die reis van dr. H. F. Jonkman na Transvaal, oor onenigheid in Nederlandse kringe i.v.m. die leiding insake die hulpverlening aan Transvaal (o.m. dr. A. Kuyper). Bylaes 26-41 (briewe) verstrek belangrike gegewens in verband met Transvaalse aangeleenthede (brief van 28.2.1881—Vise-Pres. S. J. P. Kruger en Staatsekretaris W. E. Bok; oor Bührman en Theal; prof. J. de Louter oor Konvensie van 1881 — „Ik zie uit eene nauwkeurige lezing, dat inderdaad het gepleegd onrecht geenszins hersteld is en de onafhankelijkheid der republiek zowel in theorie als practijk is opgeheven" —; Dr. Jorissen aan J. H. Janson oor immigrasie en interne aangeleenthede in Transvaal; Dr. Jorissen in verband met ere-doktorsgraad, Londen, 7.5.1883). Dit is veral hierdie gedeelte van die werk wat hierdie publikasie waardevol maak vir hulle wat belangstel in die tydperk rondom die Eerste Vryheidsoorlog en die betrekkinge tussen Transvaal en Nederland in daardie tydperk.

Dit is in dieselfde verband dringend noodsaaklik dat die argiefstukke in verband met die werksaamhede van die Transvaalbeweging in Nederland (bl. 139) mettertyd deeglik ondersoek word en die belangrikste dokumente in dié verband gepubliseer word. Ons kan die outobiografie van prof. Harting warm aanbeveel.

Jan Ploeger

*Coolhaas, W. Ph.:* A Critical Survey of Studies on Dutch Colonial History. Pp. 154. Martinus Nijhoff, 's Gravenhage, 1960.

Hierdie werk is die vierde in 'n Bibliografiese Reeks, uitgegee deur die *Koninklijk Instituut voor Taal-, Land- en Volkenkunde,* Den Haag, Nederland. Dit is 'n hersiene en bygewerkte Engelse uitgawe van die skrywer se *Chronique de l' histoire coloniale Outremer neerlandais,* soos gepubliseer in die Franse tydskrif Revue d' histoire des colonies (Deel XLIV, 1957, pp. 311-448). Die doel van hierdie werk is om 'n kritiese bibliografiese oorsig te gee van werke en artikels wat oor die Nederlandse koloniale geskiedenis verskyn het.

Die eerste drie afdelings van die werk gee 'n weergawe van die belangrikste bronnemateriaal wat in verskillende argiewe berus (bv. in Nederland, Djakarta, Ceylon, Indië, Suid-Afrika), van artikels in historiese en ander tydskrifte en van reisbeskrywings handelende oor een of ander koloniale aspek, binne die raamwerk van Nederlandse koloniale aktiwiteite. Verder bestaan die werk uit 'n drieledige indeling, nl.: Die aandeel van die Verenigde Oostindische Compagnie in die koloniale aktiwiteite van die

Nederlande, Nederlands-Oos-Indië na 1795 tot 1950 en die koloniale aktiwiteite van die Westindische Compagnie.

Ten opsigte van die afdeling handelende oor die V.O.C., word daar 'n indeling gemaak van die verskillende soorte bronnemateriaal, bv. algemene werke, gepubliseerde argivale bronne, monografieë, biografieë en streekstudies. Die monografieë het hoofsaaklik betrekking op die handels-, juridiese, militêre, godsdienstige en opvoedkundige administrasie, aktiwiteite en beleid van die V.O.C. Die biografieë handel oor persone wat 'n rol gespeel het in koloniale geskiedenis, tw. pioniers, verskillende goewerneurs-generaal en ander leidende figure gedurende die Kompanjiestydperk. Die streekstudies is 'n uiteensetting van werke handelende oor die aktiwiteite van die V.O.C., gebaseer op 'n geografies-territoriale indeling.

Die afdeling oor Nederlands-Oos-Indië is 'n chronologiese rangskikking van bronnemateriaal aan die hand van sekere historiese gebeurtenisse, vanaf die stigting van die Bataafse Republiek in 1795 tot, hoofsaaklik, met die terugtrekking van Nederlandse gesag uit Indonesië (1949).

Die bronne wat op die Westindische Compagnie betrekking het, is volgens geografies-, territoriale aktiwiteite, vanaf 1621 tot 1960, gerangskik.

Hierdie werk van prof. Coolhaas is nie 'n onpersoonlike literatuurlys nie, maar die bronne is sover moontlik ingeweef in die besondere historiese omstandighede waaronder dit ontstaan het. Met verwysing na die werke van Jan Huygen van Linschoten, word bv. die volgende omskrywing gegee: „Born at Haarlem, he went to Spain in 1579 at the age of sixteen and thence to Lisbon, which he left in 1583 to go to India in the service of the archbishop of Goa. Here he stayed until 1588, constantly engaged in 'investigating the manners, being and shapes of the countries, peoples, fruit, goods and merchandise and other things". On his return to his native country he wrote his Itinerario, . . . ." (p. 11). Bronne van latere navorsers en skrywers word chronologies in die historiese verloop van gebeure ingeskakel. Sodoende word die historiese ontwikkeling en kontinuïteit bewaar.

Benewens die bogenoemde, word die naslaanwerk verder vergemaklik deurdat bepaalde bladsye uit werke aangegee word wat op besondere sake betrekking het.

In aanmerking geneem dat die Kaap van 1652 tot 1795 'n besitting van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie was, spreek dit vanself dat die geskiedenis van die Kompanjie ook ons geskiedenis in hierdie jare op 'n diepgaande wyse moes beinvloed het. Daarom behoort hierdie Bibliografie ook hier te lande in 'n groot behoefte te voorsien. In die afdeling handelende oor Suid-Afrika (pp. 73-77) het die skrywer dan ook, waar moontlik, gebruik gemaak van werke van Suid-Afrikaanse historici — 'n feit wat allerweë hartlik verwelkom moet word.

Die verskyning van hierdie werk het terselfdertyd die aandag laat val op 'n groot behoefte in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Op bladsy 5 van hierdie werk, dien die volgende gemeld te word: „The holdings of the Records Office at Cape Town are not so extensive; for this collection see The Cambridge History of the British Empire, vol. VIII, South Africa, 1936 . . . ." Afgesien van die werke van P. L. A. Goldman: *Beredeneerde Inventarissen van de oudste archiefgroepen der Zuid-Afrikaanse Republiek;* C. G. Botha: *Die Openbare Argiewe van Suid-Afrika*, 1652-1910 en dr. A. Kieser: *Ons Dokumente,* besit ons nie 'n samevattende werk wat die inhoud van al die Suid-Afrikaanse argiewe volledig dek nie.

W. A. Stals.

*Botha, D. P.*: Die Opkoms van ons Derde Stand, Voorwoord deur N. P. van Wyk Louw, 137 bladsye, Prys R1.25, uitgegee deur Human en Rousseau, Kaapstad.

Dit is tog 'n eienaardige feit dat waar die blanke Afrikaner uiters bewus is van die probleem wat die aanwesigheid van die Kleurling, Bantoe en Indiër in ons land skep, daar geen noemenswaardige werke uit die pen van blanke Afrikaanssprekendes oor die Kleurling, Bantoe en Indiër verskyn nie. Daar word baie oor die sogenaamde „Kleurprobleem" besin en op kongresse word daar veel dinge wat op daardie oomblik as „wyshede" geld, kwyt geraak. Verder kom dit gewoonlik nie en kry 'n mens soms die indruk dat die vraagstuk dan maar liewers oorgelaat word aan 'n regeringskommissie vir verdere uitpluising. Ons aanvaar ook té maklik oplossings wat ons in die skoot gelê word.

In dié opsig moet hierdie werkie oor die Kleurlinge deur een en almal verwelkom word, en al sou almal nie met eerwaarde Botha se standpunt saamstem nie, sal dit nogtans as baie sterk prikkel dien vir elkeen wat sy land lief het en bekommerd voel oor waarheen ons die toekoms in beweeg, om diep te besin en versigtig te raak om nie eenvoudig elke „maklike" oplossing wat hom gerieflikheidshalwe voordoen met groot selfversekering te aanvaar nie. Veral ons Transvalers en Vrystaters wat nie die Kleurling ken nie, wat nie die kans gehad het om met hom in gesprek te verkeer nie en nie besef dat ons hier te doen het met mense wat ook die toekoms met hoop wil tegemoet gaan nie, sal hierdie werkie leersaam en prikkelend vind.

Baie van ons het in die verlede te maklik die Kleurling met die Indiër en Bantoe onder die algemene hoof van „Kleurprobleem" saamgegroepeer en het ons beleidsrigtings wat logies toepasbaar op die Bantoe gemaak kan word en deur die Bantoe vanweë die aard van sy volksverband aanvaar word, ook op die Kleurling van toepassing gaan maak. Eerwaarde Botha wys daarop dat die Kleurling geen Bantoe is nie en dat die blankes die fatale flater volgens hom gaan maak het om ons standpunt van eiesoortige ontwikkeling vir die Bantoe ook op die Kleurlinge te gaan transponeer en word die Kleurling deur die toepassing van wetgewing in dié verband oor dieselfde kam as die Bantoe geskeer wat tot gevolg gehad het dat die tradisionle lojaliteit en aanhanklikheid van die Kleurling teenoor en vir die Blanke besig is om te verdwyn. Die gevaar bestaan dat die Kleurling gemene saak met die Bantoe teen die blanke sal maak, nie omdat die Kleurling natuurlikerwyse daartoe geneë is nie, maar omdat die blankes hom daartoe dwing. Soos een Kleurling by geleentheid dit gestel het: „Die blankes wil nie hê dat ons saam met hulle op dieselfde busse ry nie, maar hulle forseer ons om op dieselfde busse saam met die Bantoe te ry — of ons wil of nie." Deurdat ons nie behoorlik differensieer tussen die Bantoe en Kleurling nie, gooi ons hulle saam op een platform. Om maar een voorbeeld te noem: Die Wet op Gemengde Huwelike is van toepassing op Blank en die nie-Blankes in hul geheel. Die wet verbied nie huwelike tussen Kleurling en Bantoe nie.

Eerwaarde Botha vra hom die vraag af wie en wat die Kleurlinge is en die antwoord wat hy op hierdie vraag gee dien as algemene standpunt waarvolgens hy die vraagstuk van die verhouding tussen die Blankes en Kleurlinge sien. Eerwaarde Botha se standpunt is dat die Kleurlinge 'n organiese deel uitmaak van die Christelike blanke beskawing en dat sy wortels teruggevoer kan word na 'n gesamentlike tradisie. Die Kleurlinge praat ons taal, hulle het dieselfde godsdiens as die Blankes, hulle ken geen ander vaderland nie en hulle is ons lotbroers omdat ook hulle intiem betrokke was by die gebeurtenisvolle wordingsgeskiedenis van 'n blanke beskawing aan die suidpunt van Afrika.

Die skrywer voer aan dat daar nie oorspronklik tussen die blanke en Kleurling op grond van kleur gedifferensieer is nie maar dat dit eintlik 'n standverskil is aange-

sien die Kleurling wat die produk is van vermenging tussen die slawe wat van verskillende oorde ingevoer is en die blankes asook Hottentotte, eintlik maar die plek ingeneem het van die arbeidersgroep wat deur die slawe en Hottentotte verteenwoordig is. Eers later kom daar sprake van kleurverskil wat gemaak word. Omdat die blankes teenoor die Bantoe wyslik genoeg kleurvooroordeel getoon het, is hierdie vooroordeel oorgedra op die Kleurling. Maar die Kleurling is wat kultuurgoedere en herkoms betref, die blanke se bloedbroer wat deur historiese en ander omstandighede tot die werkerstand of derdestand hoort. Eerwaarde Botha wys daarop dat die derdestand altoos die neiging toon om deur te breek na bo en dat die neiging tot gelykmaking of wegdoen van standverskille vandag 'n wêreldneiging is. Vanweë die feit dat die Kleurling kultureel en histories tot die blanke gemeenskap behoort, kan en mag ons nie op godsdienstige, politieke en ekonomiese gebied die Kleurling afstoot nie. Hy pleit dan ook daarvoor „dat al die apartheidsmaatreëls wat die Kleurlinge raak, opgehef moet word" (p. 172). Ons durf nie mure bou waar volgens hom, daar nie mure behoort te bestaan nie.

Indien die skrywer se standpunt korrek is of nie, dit moet u op die huidige vir uself besluit, is dit in elk geval vandag dringend noodsaaklik om die hele vraagstuk van ons verhouding teenoor die Kleurling met eerlike openhartige besinning en bespreking te benader. Nadat die grondslae gelê is van ons huidige en toekomstige verhoudinge tot die Bantoe, staan ons gekonfronteer met die vraagstuk van ons verhouding tot die Kleurling en ons kan nie anders as om saam te stem met eerwaarde Botha nie dat ons die fatale fout begaan het om ons benadering ten opsigte van die Bantoe op die Kleurling te transponeer waardeur ons die Kleurling dwing om gemene saak met die Bantoe teen die Blanke te maak.

Indien kultuurgroepering 'n maatstaf moet wees vir die benadering van ons verhoudingsvraagstuk, en dit is wat eerwaarde Botha se standpunt veronderstel, dan kan en mag hy nie sy tese tot die Kleurling alleen beperk nie maar ook alle nie-Blanke groepe insluit wat reeds die blanke westerse kultuurwaardes aanvaar het. 'n Mens dink hier byvoorbeeld aan die Chinese, die meerderheid waarvan Engels as huistaal praat en tot die Anglikaanse Kerk behoort. So ook dié Bantoe wat nooit tot enige besondere stam behoort het nie, geen „tuisland" behalwe dié van die Blankes ken nie en alleenlik Afrikaans of Engels kan praat. Daar is duisende van hulle veral hier in „die Noorde". Hulle het ook soos die Kleurlinge deel gewees van ons ontwikkelingsgeskiedenis, was ook trou aan die blanke, het ook saam met hom teen die Bantoe van die „tuislande" geveg, was agterryers, ens. Sulke gevalle kry ons ook by die Indiërs. Al verskil tussen hierdie nie-Blankes en die Kleurlinge moet gesoek word in afkoms, maar 'n kind wat uit 'n binding tussen 'n Indiër en 'n Bantoe gebore word, word ook as „Kleurling" geklassifiseer.

Volgens eerwaarde Botha moet daar dus 'n hele nuwe heroriëntasie van die blanke se houding teenoor die Kleurling plaasvind en dat *kultuurverskille* die maatstaf van differensiasie moet wees. Enige ander benadering wat ook tog maar op historiese gronde berus, is volgens hom „vooroordele" wat kan verdwyn. Of die Indiërbevolking tevrede sal wees dat daar dan vanweë *kultuurverskille* teen hulle gedifferensieer of gediskrimineer word, is 'n ander vraag. Hul reaksie sal in elk geval, meen ek, dieselfde wees as die reaksie van die Kleurlinge ten opsigte van huidige differensiëring. Op die ou end sal groepering vanweë kulturele verskille en of ooreenkomste dit wil sê *differensiëring* of *diskriminasie* ooreenkomstig kultuurverskille net sulke skerp teenstellinge skep. Die algemene neiging in die wêreld vandag is om liewers die vae term *kultuur* te vervang met die term *beskawingspeil*. Vanweë die getalle-oorwig van die nie-Blankes is ook bg. standpunt op hierdie stadium vir ons onaanvaarbaar.

Al bestaan daar dus besware teen die oplossing wat eerwaarde Botha voorstel

sal elkeen wat hierdie werk van eerwaarde Botha lees weereens diep onder die besef kom dat ons vandag 'n kruispunt bereik het. Ons het teenoor die Kleurling te staan gekom en ons sal ons die vraag moet afvra: waarheen gaan hy? En ons sal besef dat die pad wat die Kleurling gaan bewandel, van ons afhang. 'n Groot gedeelte van die Kleurlingbevolking wag op ons om te besluit, terwyl 'n gedeelte reeds besluit het om hul lot by die Bantoe in te werp. Laat ons dan soos N. P. van Wyk Louw so mooi in die voorwoord sê, „verlang, diep in ons hart verlang, na insig en na wysheid om te handel".

T. S. van Rooyen.

*Roodt, A. G.:* Afrika na 1939. Voorwoord deur prof. A. N. Pelzer. 104 bladsye; Prys R1.10 posvry. Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg en Kaapstad.

Tot ongeveer 1958 het die eienaardige toedrag van sake bestaan dat ofskoon Suid-Afrika deel vorm van die Afrikaanse kontinent, baie min aandag in ons skole en selfs universiteite geskenk is aan die ontwikkelinge en beroeringe op hierdie vasteland. Hierdie houding was des te meer onverstaanbaar daar Suid-Afrika tog so nou betrokke is by alles wat in Afrika aangaan. Suid-Afrika, wat die mees ontwikkelde land op die kontinent op ekonomiese en politieke gebied is en dus aangewese is om leiding te gee aan die res van Afrika, het hom intellektueel van Afrika gaan afsonder en dit ten spyte van ons deelname aan liggame soos die C.C.T.A. en andere wat ingestel is op die voorsiening van tegniese hulp aan die verskillende onderontwikkelde lande van Afrika.

Dit is dan ook waarskynlik as gevolg van hierdie intellektuele isolasie waarin Suid-Afrika ten opsigte van die res van Afrika verkeer het, dat die politieke ontwikkelinge in Afrika wat aangestu is deur 'n ontwakende inboorling-nasionalisme en aangeblaas is deur die nuwe internasionale belangstelling in Afrika, ons op die verkeerde voet gevang het.

Juis omdat ons eenvoudig nie onsself afsydig kan hou van die gebeurtenisswangere ontwikkelinge in Afrika nie is daar onder andere by geleentheid van 'n T.O.-kongres in 1958 'n versoek tot die Departement van Onderwys gerig dat die geskiedenis van Afrika by die leerplanne van al die standerds gevoeg word en is aan hierdie versoek gedeeltelik voldoen toe 'n nuwe afdeling — Afrika na 1939 — by die standerd VIII geskiedenisleerplan gevoeg is.

Mnr. Roodt se werkie oor Afrika na 1939 is dan ook in die eerste plaas bedoel vir die onderwysers wat met die probleem opgeskeep sou sit van hoe om 'n geheelbeeld van Afrika te kry waar daar nog geen geskikte lektuur voorhande is nie. Die werkie is saamgestel uit verskillende pamflette, inligtingstukke wat die onderskeie ambassades tot mnr. Roodt se beskikking gestel het, asook koerantartikels. As sulks veronderstel dit nie om 'n hoogs wetenskpalike indringende werk oor Afrika te wees nie. Mnr. Roodt het nie gaan probeer om die veranderinge wat daar sedert 1939 in Afrika plaasgevind het, te *interpreteer* nie. Wat hy gedoen het is om 'n bloot feitelike oorsig te gee van die verskillende koloniale en ander gebiede in Afrika. Die historiese, ekonomiese en ander gegewens is dus suiwer objektiewe feitemateriaal. Baie min volkekundige gegewens word gegee en fouteer die skrywer hier en daar waar hy aan die inboorlingstamme raak, soos byvoorbeeld op bladsy 95 waar hy na die inboorlinge van Suidwes-Afrika verwys as van hoofsaaklik Hottentot-afkoms.

Hierdie werkie sal sekerlik deur elke onderwyser verwelkom word en soos prof. Pelzer dan ook in sy voorwoord tot die werk tereg opmerk, „sal dit in die lig van die vrywel algehele gebrek aan geskikte literatuur, ook van groot waarde wees vir die algemene leser sodat die gebruik daarvan met groot vrymoedigheid aanbeveel kan word."

T. S. van Rooyen.